Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Nuusbrief 8
16 Julie 2020

Uit die Hoof se kantoor

Alhoewel ons nog gebuk gaan onder erge winterkoue, is daar tog 'n gees van afwagting in die lug. Nie net wag ons vir die lente om aan te breek nie, maar ons sien met groot entoesiasme uit na die res van hierdie propvol kwartaal. Ons graad R, 6 en 7 leerders het wonderlik aangepas by die nuwe manier van skoolgaan. Die leerders kan gekomplimenteer word vir hulle gedrag en dissipline in hierdie moeilike tyd.

'n Besondere woord van dank aan die personeel, onderwysers, bestuur en beheerliggaam wat ons skool se belange op die hart dra om van hierdie moeilike situasie die beste te maak.

Die voortgesette terugkeer-program behels die volgende: Maandag, 20 Julie - Grade 1, 2, 3, 4, 5 (Groep A) en Dinsdag, 21 Julie (Groep B). Meer inligting hieronder.

Baie dankie aan al die ouers wat getrou hul skoolgeld bly betaal. Die skool het steeds die normale dag tot dag- en salarisuitgawes waaraan ons moet voldoen. Graag versoek ek dat u steeds u finansiële verantwoordelikheid sal nakom, sodat ons steeds die kwaliteit onderrig kan lewer waarop ons leerders geregtig is.

"Optimisme is die geloof wat lei tot prestasie, niks is moontlik sonder hoop en vertroue nie." - Helen Keller

Welkom terug!

Die graad **RR, R, 6 en 7 leerlinge** (Groepe A en B) is reeds vanaf Dinsdag, 14 Julie op alternatiewe dae terug by die skool en ons verwelkom graag ons **graad 1 tot 5** maats ook volgende week terug soos volg:

Leerders met vanne van **A tot L**	Leerders met vanne van **M - Z**
Groep A – Begin Maandag, 20 Julie	**Groep B – Begin Dinsdag, 21 Julie**

- **Onthou julle maskers.**
- **Alle hekke open 07:00 vir leerders.**
- **Skool begin om 07:30.**

- **Elke graadgroep gebruik 'n spesifieke hek VOOR en NA skool.**
- **'n Volledige dokument is op d6 met nodige reëlings**

Skooltye vir die res van die jaar:
***Gr RR-2*: Maandag tot Vrydag 7:30 – 13:00** (Wagklas is beskikbaar tot 13:40).
***Gr 3-7*: Maandag tot Vrydag 7:30 – 13:40**

Laerskool Swartkop
Leerders Hektoegang

Hek 1 – Graad 1
Graad 2

Hek 4 – Graad 6
Graad 7

Hek 5 – Graad 4
Graad 5

Hek 7 – Graad RR/R
Graad 3

Die Graad 4 – 7 akademiese rooster

	Dag van die Week	Groep by die skool	Roosterdag
Week 20-24 Julie	Maandag 20 Julie	A	Dag 5
	Dinsdag 21 Julie	B	
	Woensdag 22 Julie	A	Dag 6
	Donderdag 23 Julie	B	
	Vrydag 24 Julie	A	Dag 1
Week 27-31 Julie	Maandag 27 Julie	B	
	Dinsdag 28 Julie	A	Dag 2
	Woensdag 29 Julie	B	
	Donderdag 30 Julie	A	Dag 3
	Vrydag 31 Julie	B	
Week 3 – 7 Augustus	Maandag 3 Aug	A	Dag 4
	Dinsdag 4 Aug	B	
	Woensdag 5 Aug	A	Dag 5
	Donderdag 6 Aug	B	
	Vrydag 7 Aug	A	Dag 6
	Maandag, 10 Aug	Skoolvakansiedag	
	Dinsdag, 11 Aug	Skoolvakansiedag	
	Woensdag 12 Aug	B	Dag 6

Covid-19 Vraelys en prosedure by hekke

Alle leerders ontvang op die eerste dag wat hulle terug is by die skool, 'n afgerolde vorm met 'n Covid-19 vraelys. Hierdie vraelys moet **elke dag** deur die **ouer/voog** voltooi en saam met die leerder skool toe gestuur word om toegang tot die skoolterrein te verkry. Vormpies word by die toegangshek gekontroleer. Ons neem elke kind se temperatuur by die onderskeie hekke waar hul inkom. Indien leerders se temperatuur bo 38° is en hoog bly na 10 minute in die afkoelarea, sal ouers gekontak word om die leerder te kom haal. Sien asseblief toe dat die skool betyds ingelig word indien u selfoonnommer verander.

Naskool

Die naskoolsentrum, Swarrie Karnallies, sal oop wees vir alle ingeskrewe naskoolleerders. Hierdie diens word gebied met normale naskooltye. Heffings sal direk met elke ouer gekommunikeer word. Vir enige navrae, kontak Mnr. Korf of Me. Geerlings per e-pos. **Neem asb kennis: Die naskool is slegs oop vir die ingeskrewe leerders op die dae wat hulle die skool bywoon (in Groep A of B).**

Skoolkwartale

Kwartaal	Tydsduur	Aantal weke	Aantal dae	Publieke vakansiedae	Aantal skooldae
1	(13) 15 Januarie – 18 Maart	10	48(46)	0	(48)46
2	8 Junie – 7 Augustus	9	45	1	44
3	12 Augustus – 23 September	7	31	0	31
4	5 Oktober – 15 Desember	11	52	0	52
	Totaal	**37**	**174**	**1**	**173**

Leerders wat positief toets vir Covid-19

Onder die heersende omstandighede moet die skool voldoen aan streng voorkomende maatreëls en ander regulasies wat deur die Departement van Onderwys daargestel is. Ingevolge die voorgeskrewe maatreëls mag ons geen leerder wat enige simptome toon op die skoolterrein toelaat nie. Indien die leerder reeds op die skoolterrein is moet die skool die leerder isoleer en die ouers onmiddellik kontak om die leerder te kom haal. Die leerder moet vir 'n mediese ondersoek na 'n dokter verwys word.

Ouers moet die skool asseblief dadelik telefonies of skriftelik in kennis stel (kontak vir Me Riana du Toit per e-pos op kantoor@laerskoolswartkop.co.za) indien u kind of enige familielid in die huisgesin positief getoets het vir Covid-19 sodat die skool die nodige stappe kan neem. Die relevante openbare gesondheidsamptenare sal die skool adviseer aangaande verdere stappe wat geneem moet word indien nodig. Leerders wat self positief toets, of in aanraking was met iemand wat positief getoets het MOET vir 14 dae in self-isolasie by die huis bly. Die skool sal u kind bystaan met akademiese werk op MS Teams en assesserings wat hy/sy moontlik in hierdie tyd gemis het sal ingehaal word.

Opedag - Swarrie Inry 17 Julie 2020

Swarrie Engele – Kruideniersware projek

'n Paar van ons gesinne word reeds sedert die begin van die inperking van kospakkies voorsien. Ons is egter afhanklik van skenkings en wil graag elke Maandag tussen 9:00 en 11:00 en weer van 16:00 en 17:00 (dieselfde tydgleuf as afhaal van werkspakkies) vir ouers geleentheid gee om skenkings van kruideniersware by die skool te kom aflaai. Leerders kan items saambring skool toe wanneer hul terugkeer. Ons sal 'n houer voorsien waarin items geplaas kan word en dit is deel van die Swarrie Engele Projek van die skool. Baie dankie vir u oop hand en hart. Kontak vir Me. Esther Cronjé indien u betrokke wil raak (esther.cronje@laerskoolswartkop.co.za) Voorstelle vir skenkings soos volg maar enige ander items sal ook baie waardeer word:

Gr RR/R: mieliemeel, koekmeel of blikkies tamatie- en uie sous
Gr 1: pasta of wortels
Gr 2: rys of soppoeier
Gr 3: Blikkies vleis of lemoene
Gr 4: Blikkies groente of ontbytpap
Gr 5: Koffie/tee of aartappels
Gr 6: Langlewe melk of suiker
Gr 7: Toiletpapier / badseep of uie

Skoolklerewinkel

Die skoolklerewinkel benodig asseblief grys langbroeke van alle groottes. U kan dit asseblief skoon gewas en in 'n sak, saam met u kind na die Adminkantoor toe stuur. Die winkel sal steeds nie soos normaal funksioneer nie omdat besoekers nie op die skoolterrein toegelaat word nie. Indien u wel klere wil aankoop kan u vir Me. Hanlie Beukes (083 456 7644) kontak en 'n afspraak met haar maak.

Individuele Foto's

Alle leerders wat foutiewe of geen foto's ontvang het nie, het geleentheid van 20 tot 25 Julie om die bewyse en motiverings per brief onder hul voogonderwyser se aandag te bring. Indien daar leerders is wat op die afwesigheidsdag individuele foto's geneem het, kan 'n bestelvorm by die Adminkantoor afgehaal word en ouers kan dit direk by Prestige bestel.

Snoepiebestellings

Die Kospot-snoepie is oop vir etes. Ons versoek asseblief dat ouers hul kinders se etes **vooraf elektronies bestel** sodat aankope daarvolgens gedoen kan word. Gebruik asseblief die skakel vir bestellings:
https://docs.google.com/forms/d/1eOaptHwOT6QbCE43KBDCfMGHWN_z0WmhhcuBFthWJ9s/viewform?edit_requested=true

Groete - tot ons mekaar weer ontmoet

M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF